

## Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Julie 2018 – Aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 9-1:6, 10 (26)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;  
maar Hy het, na sy welbehag / die rusdag aan sy diens gewy.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.  
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 92:1, 2 (p. 466)

- 1 Wie sou die HEER nie prys nie, / as weer met nuwe gloed / 'n rusdag ons begroet?  
Wie Hom nie dank bewys nie / in stille môrewagte, / as ons sy guns omring?  
Wie vir sy trou nie sing / 'n loflied in die nagte?
- 2 Wie sou die troue HEER nie – / Hom wat sy gunste ons bied – / met hooggestemde lied  
by harp- en luitspel eer nie? / Hy maak weer los my bande, / Hy maak my tong weer vry;  
ek roem sy dae bly, / die werke van sy hande.

Gebed

Psalm 84:5, 6 (p. 425)

- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,  
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liever is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,  
want Hy word nooit sy woord ontroon nie: / Hy sal aan almal wat opreg  
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.  
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

**Skriflesing:** Hebreërs 4:1-11; Heidelbergse Kategismus, Sondag 38

**Kernvers:** Eksodus 20:8, 11; Deuteronomium 5:12, 15

**Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. ... Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig. (Eksodus 20:8, 11 AFR53)**

**Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. ... En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou. (Deuteronomium 5:12, 15 AFR53)**

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?**

*Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die godsdiensoonderrig in stand gehou word (a). Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), die Here openlik aan te roep (e) en die Christelike liefdegawes te gee (f). Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bouse werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe (g).*

*(a) Tit 1:5; 2 Tim 3:14; 1 Kor 9:13, 14; 2 Tim 2:2; 3:15. (b) Ps 40:10, 11; 68:27; Hand 2:42. (c) 1 Tim 4:13; 1 Kor 14:29. (d) 1 Kor 11:33. (e) 1 Tim 2:1; 1 Kor 14:16. (f) 1 Kor 16:2. (g) Jes 66:23.*

**Tema:** Die rusdag is die dag van die Here waarop ons sy fees vier

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, iemand het eenkeer oor die rusdag op die Sondag soos volg opgemerk: In die ou dae is daar nog gepraat van die heilige Sondag, later is daar net van die Sondag gepraat en deesdae word daar net van die naweek gepraat. Ons lewe in 'n tyd wat die Sondag nie meer as die dag van die Here geëer word nie. Mense besef nie meer dat die rusdag 'n geskenk is wat die Here aan die mens gee het nie.

Die aantal gelowiges wat nog agting het vir die Sondag word al minder teenoor die aantal mense, en ook gelowiges, wat die Sondag as net nog 'n dag van die week hanteer. Omdat die agting vir die rusdag as die dag van die Here al minder word, is dit goed dat ons weer 'n slag by die vierde gebod stilstaan en luister wat die Here ons daarin leer.

Het u al opgelet dat dit net die vierde en die vyfde gebod is wat positief gestel word. In die vierde gebod sê die Here: **Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.** En in Deuteronomium stel Hy dit so: **Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die Here jou God jou beveel het.** In die ander agt gebooie begin die Here om eers te sê wat sy kinders nie moet doen nie. Maar dit is net in die vierde en vyfde gebod wat die Here begin om eers te sê wat sy kinders moet doen.

Wanneer 'n mens dit hoor, besef 'n mens dat ons die meeste van die tyd die vierde gebod uit die verkeerde hoek benader. Dit is mos so dat wanneer daar oor die rusdag op die Sondag gepraat word, wil die meeste mense eers weet wat hulle nie mag doen op die Sondag nie. Natuurlik moet ons ook hoor wat die Here op die rusdag verbied sodat ons aandag nie deur ons eie moedswilligheid van die Here en sy werke af weggetrek word nie. Maar wanneer die Here die vierde gebod afkondig, begin by wat sy kinders moet doen. Daarom word daar ook in ons Kategismus gevra wat *beveel* God in die vierde gebod. **Wat gebied God in die vierde gebod?**

Broers, susters en kinders ek dink dit is omdat daar vir so baie lank en so baie maal deur Christene gesê word wat nie op die Sondag gedoen mag word nie, dat baie mense 'n negatiewe ingesteldheid oor die Sondag het. Dit is juis hierdie oorbeklemtoning van alles wat nie op 'n Sondag gedoen mag word nie, wat die feesviering van hierdie dag vir baie mense laat verdwyn het. Nou kan iemand vra: Maar waar kom jy daaraan dat die rusdag 'n feesdag is?

Daar is twee dinge wat God gedoen het, wat van die rusdag 'n feesdag maak. Eerstens gaan dit oor die bevel wat die Here gee. Hy sê: **Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig.** Om iets te gedenk, beteken dat 'n mens dit in herinnering roep. Byvoorbeeld, wanneer jy

jou geboortedag of huweliksdag gedenk, roep jy daardie dag in herinnering. Maar dit is nie om net te onthou dat jy op daardie dag gebore is of getroud is nie. Dit is 'n dag waarop jy met dankbaarheid en blydskap terugdink en jy vier die dag. Wanneer die Here dan beveel dat ons die sabbatdag moet gedenk, roep Hy sy kinders op om hierdie dag te vier en hulle moet dit met dankbare herinnering doen.

Dit wat in dankbare herinnering geroep moet word om die rusdag te vier, is die tweede ding wat God gedoen het. Ons moet die werke van die Here in herinnering roep. Dit is immers sy groot en magtige en heerlike daad wat van die rusdag 'n dag van feesviering maak. Daar is twee stellingwerke van die Here wat maak dat 'n mens op die rusdag feesvier.

In Eksodus 20 herinner die Here ons aan sy skeppingswerk. Die Here het in ses dae die hemel en die aarde en alles daarop en die see en alles daarin geskep. En op die sewende dag het Hy gerus. Die sewende dag was vir God 'n besondere dag. Hy het die hele skepping voltooi en nadat Hy die mens as die kroon van sy skepping geskep het, het Hy na sy handewerk gekyk en gesê dit is alles baie goed. Hy het nie nodig om nog iets te skep te nie. Alles wat Hy wou gehad het, is klaar geskep en dit is volmaak. Die Here het Hom verheug in sy skeppingswerk.

Ons kan God se rus en sy verlustiging in sy werk vergelyk met 'n man wat vir dae lank besig was met 'n projek. Dan breek die dag aan dat hy die projek voltooi. Die projek kan 'n stuk kunswerk wees of dit kan 'n mooi tafel wees wat hy gemaak het. Wanneer hy dit voltooi het, is hy baie gelukkig met sy vakmanskap. Hy kry vir hom 'n sitplek van waar hy sy handewerk kan bewonder. Hy is tevrede en vol vreugde oor wat hy gedoen het. So het God Hom in sy handewerk verheug nadat Hy dit geskep het.

Die Here wil Hom nie alleen in sy handewerk verheug nie. Daarom het Hy gekies dat die mens saam Hom op die rusdag sal deel in sy blydskap. Op die rusdag moet ons dus daaraan dink hoe mooi God alles gemaak het en hoe volmaak alles in die skepping is sodat die mens sy God kan dien. Die skeppingswerk is dus die eerste stelwerk van God wat die mens daartoe behoort te bring om die rusdag te vier.

Die tweede stelwerk maak die Here in Deuteronomium 5 bekend. Dit is die verlossingswerk wat Hy vir sy volk Israel destyds gedoen het. Met die verlossingswerk in gedagte moes Israel in herinnering roep hoe die Here hulle met sy groot mag en sterk arm uit die greep van die slawerny in Egipte verlos het. Op die sabbat moes Israel 'n verlossingsfees vier. Hulle moes nadink hoe die Here hulle uit die slawebande verlos het en hoe Hy hulle deur sy magtige reddingsdade in die land van rus – in Kanaän – ingebring het.

Om hierdie rus waarin die Here sy volk ingebring het nog beter te begryp, moet ons eintlik teruggaan na voor die sondeval. Voor die sondeval het die mens en sy vrou volmaak deel gehad in die blydskap van die Here op die sewende dag. Toe hulle egter in sonde geval het, het hulle nie langer die voorreg gehad om in die vreugde van God se volmaakte werk te lewe nie, want deur hulle toedoen was die skepping nie meer volmaak nie. Daarom is die mens en sy vrou uit die tuin van Eden verdryf en as gevolg van hulle sonde is die skepping aan verganklikheid onderwerp. Omdat die aarde oor die mens se misdaad vervloek is, is die mens se werk in die skepping bemoeilik, want die aarde het dorings en dissels begin voortbring. Die mens en sy vrou is uit die rus van die Here uitgestuur.

Voordat die Here die mens en sy vrou uit die tuin uitgestuur het, het Hy belowe dat daar

verlossing sal kom. Hy is bereid om sondes te vergewe en om genadiglik die vloek wat op die mens en die skepping is, weg te neem. Daar sal weer 'n dag aanbreek wat alles volmaak sal wees in die skepping. Selfs die mens sal volmaak wees en weer kan deel in die vreugde van die Here se volmaakte werk. Hierdie vreugde waarin die Here sy mense sal bring, is die ewige sabbat waarvan ons in die antwoord bely en waarvan die Here ons in Hebreërs 4 ook vertel.

Josua het van die Here die opdrag gekry om die gehoorsame deel van Israel wat uit Egipte verlos is in die beloofde land in te lei. Oor die ongehoorsame deel van Israel het die Here in sy toorn gesweer dat hulle nie in sy rus sal ingaan nie. Hierdie rus waarin hulle nie sou ingaan nie, was die beloofde land Kanaän. Hierdie rus waarin die gehoorsame deel van Israel ingegaan het – die land Kanaän waarin Josua hulle ingelei het – was maar nog net 'n dowwe voorprent van die eintlike rus waarin die Here sy mense uiteindelik wil inbring.

Dit is nie sommer enigiemand wat die mense van die Here in hierdie volmaakte rus kan inbring nie. Daarom het die Vader, Seun en Heilige Gees reeds in die ewigheid besluit dat die Seun die Verlosser van mense sal wees. In sy Seun het die Vader iemand beter as Josua gestuur – Hy het Jesus gestuur wat die Christus genoem word. Die slawebande waar-van God se mense verlos moet word, is nie die slawebande waarmee mense hulle gebind het nie, maar dit is die slawebande waarmee die duiwel God se mense gebind het.

Die slawebande van die duiwel en die sonde word net met die grootste magsdaad van God gebreek. Jesus Christus moet gebind aan die kruis op Golgota hang sodat Hy uiteindelik vanuit die dood uit – die dood as straf op die sonde – die kettings van die sonde en die duiwel met die lewe wat Hy in Hom het stukkend kan breek. Dit wil sê, die genade om kind van God te wees, om van jou sonde verlos te wees en om die ewige lewe te ontvang, is die ewige rus wat slegs deur die dood en opstanding van Christus vir die mense van God moontlik geword het. En dit is die eintlike rus – die ewige sabbat – waarin Christus die ver-losses inlei sodat hulle deel kan hê aan die volmaakte rus van God.

Ons kom dus agter, geliefdes, dat die rusdag nie deur God ingestel is hoofsaaklik om van 'n mens se daaglikse werk te rus nie. Die rusdag is ingestel sodat ons oor die werk van God en veral die verlossingswerk in Jesus Christus kan nadink. Die Here wil immers hê dat die mens uiteindelik van sy bose werke wat nog so eie is aan die sondaar sal rus. Die greep van die oorblywende sonde en die sondige geaardheid in die mens moet hoe langer hoe meer gebreek word totdat die mens uiteindelik geheel en al verlos is van sy sonde. Eers dan kan die mens heeltemal weer in die rus van God ingaan.

Totdat daardie ewige vreugde aanbreek met die wederkoms van Christus is ons verhoogde Jesus Christus besig om elkeen wat Hy verlos het te lei op die weg na die ewige sabbat. Daarom het die Vader in sy groot genade bepaal dat die mens een dag in die week al sy daaglikse gewoel en werkskaf moet laat staan, sodat hy kan nadink oor die werke van die Here – sy skeppingswerk en sy verlossingswerk. En oor hierdie werke dink die gelowige na met dankbare herinnering sodat hy saam met die ander gelowiges die rusdag kan vier.

Vir die feesdag wat die Here ingestel het, gee Hy self ook die feesprogram. Die Here laat dit nie aan die mens oor om maar net op sy eie na te dink oor die werke van die Here nie. Hy wil hê dat die mens op 'n bepaalde manier daarvoor nadink. Daarom lei die Heilige Gees gelowiges om ywerig saam te kom op die rusdag om die Woord van God te hoor en die sakramente te gebruik.

Dit is deur middel van die Woord wat die Heilige Gees die geloof in sondaars se harte werk en met die Woord voed en versterk die Heilige Gees die geloof. Sonder geloof is dit vir die mens onmoontlik om God se werk in die skepping en verlossing raak te sien. Sonder geloof kyk die mens na die skepping en sien net natuurkragte raak. En van verlossing deur God en Jesus Christus wil die mens sonder geloof in Christus niks weet nie. Hy wil self die Here se aandag op hom vestig en homself aanvaarbaar maak vir die Here.

Daarom plaas die Here sy Woord en sakramente eerste op die feesprogram. Hy wil dat die mens sy handewerk in die skepping en sy genadewerk in die kruis van Jesus Christus raaksien. En in die sakramente lei Hy die mens om die verlossingswerk van Christus nog beter te begryp sodat die mens regtig met vreugde die lof van die Here kan besing. Dit is immers met die Woord waarmee die Heilige Gees die sondaar in die vreugde van God se verlossingswerk inbring, en dit is met die Woord en die sakramente waarmee die Heilige Gees die gelowige in die vreugde van die verlossingswerk van God hou.

En op grond van die eerste twee items op die Here se feesprogram van die rusdag word die gelowige deur die Heilige Gees gelei om self ook meer aktief deel te neem aan die fees-viering op die rusdag. Die gelowiges roep die Here openlik aan in gebed en lied en hulle gee Christelike liefdegawes aan die Here.

In hulle liedere besing die gelowiges die lof en majesteit van die Here. In gebed dank hulle Hom vir sy goedheid en genade in Jesus Christus. Hulle bely ook hulle eie tekortkominge en smee die Here om vergifnis dat hulle sy Naam met hulle ongehoorsaamheid beswadder het. Verder doen die gelowiges ook voorbidding vir ander mense. In hulle voorbidding vra hulle die Here om ook ander mense in die vreugde van sy verlossingswerk in te bring en hulle in hierdie vreugde te hou sodat daar nog meer stemme is wat die lof en eer van die Here kan besing.

Die gelowiges se aktiewe deelname aan die feesprogram van die Here betrek ook hulle hande en voete. Deur Christelike liefdegawes te gee stel hulle onder andere die diakonie in staat om aan die broers en susters wat deur die gevolge van die sonde in die wêreld onrustig gemaak word te laat deel in die vreugde van Christus se verlossingswerk. Die aktiewe gelowige kyk en luister ook waar hy self kan meedoen om die nood van medegelowiges en ander mense te verlig.

Die feesviering van die rusdag rus die gelowige toe en inspireer hom om hierdie rus van die Here waarin hy hom saam met die Here en ander gelowiges kon verheug ook in die res van sy lewe in te dra en te leef. Gelei deur die Heilige Gees bestry hy sy sondige geaardheid sodat die bande van die sonde al hoe meer van hom losgebreek kan word. En gehoorsaam aan die Heilige Gees volg die gelowige Jesus Christus om uiteindelik die ewige sabbat in te gaan wat die Here vir sy mense bestem het.

Wat 'n voorreg het gelowiges om weekliks te kan feesvier saam met die Here oor sy werke wat Hy gedoen het. Mag die Heilige Gees elke ware gelowige lei om met blydskap elke rusdag deel te neem aan die feesprogram van die Here in die eredienste en om hierdie vreugdevolle rus uit te leef onder almal met wie hulle te doen kry.

**Amen!**

Slotgebed

## Skrifberyming 17-2:5, 6, 7, 8 (Sb 18)

- 5 Kom dan tot My, o almal wat / vermoeid is en so swaar belas,  
Ek gee 'n rusplek vir die voet / waarvoor daar nêrens rusplek was;
- 6 verligting vir die skouer wat, / deur druk gemartel en gepla,  
en onder lewensorge krom, / 'n altyd swaarder las moet dra.
- 7 Maar leer: dat Ek sagmoedig is, / en dat Ek needrig is van hart.  
Dan sal jul rus vind vir jul siel / en vrede by die wreedste smart.
- 8 En dra my juk: die juk is sag, / wat nooit gedruk het of geknel;  
en dra my las: die las is lig, / wat nooit gekneus het of gekwel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
29 Julie 2018